

PROF MS MAKHANYA, REKTOR EN VISE-KANSELIER
UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA
VIRTUELE 11de ES'KIA MPHAHLELE-GEDENKLESING
DEUR DR. TSHEPO MADLINGOZI GELEWER
OP 4 SEPTEMBER 2020

Dit is vir my baie aangenaam en gerusstellend dat ons as universiteit, terwyl ons aangepas het by die nuwe normale manier om dinge weens COVID-19 anders te doen, nie net daarop gefokus het om te verseker dat administratiewe en operasionele werksaamhede voortgaan nie. Die akademiese projek van die universiteit is nie slegs onderrig en leer nie, maar dit sluit navorsing en voortdurende refleksie in, en daarvoor word ook gesorg. Die jaarlikse Es'kia Mphahlele-gedenklesing is een van die belangrike dialoë wat nou reeds goed binne die universiteit gevestig is. Kollegas, ek is trots daarop dat u die Mphahlele-vlag hys!

In 2017 het Ndlela in sy publikasie *Do not let him die: Celebrating the legacy of Es'kia Mphahlele*, waarna ek verlede jaar verwys het, sy besorgdheid daaroor uitgespreek dat vakkennis oor Mphahlele nie geïgnoreer moet word nie.¹ Ons, as die Universiteit van Suid-Afrika kan sê dat ons ons deel doen om vakkennis oor Mphahlele in stand te hou.

¹ Ndlela, P. (2017). Do not let him die: Celebrating the legacy of Es'kia Mphahlele. *Literator (Potchefstroom. Online)*, 38(1), 1-7. <https://dx.doi.org/10.4102.lit.v38i1.1257>

Ons moet egter kennis neem dat daar oor die algemeen op daardie gebied nie genoeg gedoen word nie en dalk moet ons dink oor 'n meer permanente plan oor hoe om Mphahlele se nalatenskap in stand te hou. Om dus te bepaal of daar aan Ndlela se besorgdheid aandag gegee word, het ek besluit om kortliks sommige van die nuutste vakkennis oor hierdie reus te ondersoek. Daarna sal ek kortliks oor vandag se onderwerp kommentaar lewer, voordat ek dr. Tshepo Madlingozi aan die woord stel om verder uit te brei.

Onlangse vakkennis plaas Mphahlele binne die modernistiese tradisie. Dit word gedoen deur sy literêre kritiek binne trans-Atlantisisme en transnasionalistiese diskoerse te plaas. Wat dit betref, word hy as 'n baanbreker in die letterkundewêreld naas W.E.B. Du Bois gereken.² Nog 'n literêre kritikus in eie reg wat ons onlangs herdenk het, Ntongela Masilela, het na Mphahlele verwys as “Die Dekaan van die Nuwe Afrika-beweging”.³

Op sy beurt is Mphahlele ook deur Masilela as 'n modernistiese skrywer beskou. Hierdie siening is deur Raditlhalo gedeel, wat aanvoer dat Mphahlele aangespoor was om die konsep van Afrika-moderniteit te aktualiseer sonder om die Afrikaan in hom oorboord te gooi.⁴ Terwyl Mphahlele dus erken het wat moderne tegnologie vir die

² *Ibid*

³ Ntongela Masilela, aangehaal in Ojwang, D. (2011). The World that Es'kia Mphahlele Made: An East African View. *English in Africa*, 38(2), 109-120. Soos op 1 September 2020, by <http://www.jstor.org/stable/23074954>

⁴ Raditlhalo, T. S. (2011). Mokgaga wa Maupaneng: A Tribute to Zeke (17 Dec. 1919 to 27 Oct. 2008). *English in Africa*, 38(2), 9-28. Soos op 1 September 2020, p. 16, by <http://www.jstor.org/stable/23074948>

ontwikkellende wêreld kon bereik, het hy nie gehou van die basis waarop die Afrikaan verander moet word ten einde by die Westerse denkwys in te pas nie.⁵

Soos baie modernistiese skrywers, kon Mphahlele soms misverstaan word. Byvoorbeeld, in 'n meer onlangse bydrae voer Eatough aan dat Mphahlele se kritiek op *Negritude* 'n skuif vanaf "gepolitiseerde oordeel" na 'n "akademiese vorm van literêre kritiek was".⁶ Raditlhalo en Masilela het egter hierdie mening betwis.⁷

Soos Masilela aandui, was Mphahlele krities oor Leopold Senghor se "biologisme", terwyl hy ontvanklik was vir Aimé Césaire se artikulasie van kritiese bewustheid onder swart mense.⁸ Eatough is egter reg as hy opmerk dat party van Mphahlele se skrywes 'n sosiale teorie oor klasseverdeling in die samelewing weerspieël. Selfs indien Eatough sou verkies om hieroor te verskil, is dit 'n kompliment vir Mphahlele. Mphahlele was inderdaad 'n bekende Afrikanis, wat sommige mense 'n Afrika-humanis genoem het wat, terwyl hy moderniteit aanvaar het, terselfdertyd die Eurosentriese verlokking en oriëntasie daarvan sou verwerp het.

⁵ *Ibid*, p. 16

⁶ Eatough, M. (2019). The Critic as Modernist: Es'kia Mphahlele's Cold War Literary Criticism. *Research in African Literatures*, 50(3), 136-156. doi:10.2979/reseafritelite.50.3.10

⁷ Raditlhalo, T. S. (2011). Mokgaga wa Maupaneng: A Tribute to Zeke (17 Dec. 1919 to 27 Oct.2008). *English in Africa*, 38(2), 9-28. Soos op 1 September 2020, p. 16, by <http://www.jstor.org/stable/23074948>

⁸ Masilela, in Raditlhalo (*Ibid*)

Aan die ander kant word Mphahlele as 'n transnasionale kritikus gesien. Selfs voordat hy in 1957 in ballingskap gegaan het, het dit weerspieël in sy belangstelling in literatuur buite die grense van sy vaderland. Hy het gepoog om die onderlinge verbintenis van die swart-ervaring te verstaan.

In navolging van sy toenemende wêreldbeskouing het Mphahlele begin korrespondeer met Langston Hughes, die leier van die Harlem Renaissance-beweging in die 1950's.⁹ Die beweging het 'n "selfversekerde selfdefinisie begin ontwikkel wat 'n onafskeibare deel van die Afro-Amerikaanse kulturele politiek en artistieke uitdrukking was".¹⁰ Mphahlele het oor die verwysingsgrense heen hierna uitgereik om uit te vind waar dit in verhouding tot hierdie of daardie staan.¹¹

Daar moet natuurlik op gelet word dat party mense geneig was om die invloed van die Harlem Renaissance-beweging te oorbeklemtoon – nie slegs op Mphahlele nie, maar ook op die breër swart Suid-Afrikaanse literêre omgewing.¹² Die voorstanders van daardie mening besef dikwels nie dat Suid-Afrika nooit 'n "skoon lei" was nie, soos Mangcu aangevoer het in die geval van soortgelyke oorbeklemtoning van

⁹ Attwell, D (2010) Reading in the company of Es'kia Mphahlele, in Manganyi, N.C and Attwell, D (Eds) *Bury Me at the Marketplace: Es'kia Mphahlele and Company. Letters 1943-2006*. Johannesburg, Wits University Press, pp. 9-16

¹⁰ *Ibid*, p. 8

¹¹ Mphahlele, quoted in Manganyi, N.C and Attwell, D (Eds) (*ibid*, p. 8)

¹² Verwys byvoorbeeld na Graham, S. (2014). Cultural Exchange in a Black Atlantic Web: South African Literature, Langston Hughes, and Negritude. *Twentieth Century Literature*, 60(4), 481-512. Soos op 1 September 2020, p. 16, by <http://www.jstor.org/stable/24247101>

Frantz Fanon se invloed op Steve Biko.¹³ In plaas daarvan moet skakelings tussen Afro-Amerikaners en Afrikane op die vasteland begryp word teenoor dit wat Masilela gedemonstreer het in die geval van hoe Charlotte Maxeke vir W.E.B. Du Bois beïnvloed het, en hoe Du Bois op sy beurt vir Sol Plaatje beïnvloed het, asook “R.V. Selope Thema se teoretisering oor die konsepte van die Nuwe Afrika”.¹⁴

Die uitreiking na die Afro-Amerikaanse-ervaring, en in werklikheid ander ervarings buite Suid-Afrika, het nie na blinde idealisering gelei nie. In plaas daarvan redeneer Ojwang dat Mphahlele ’n mate van ontnugtering tydens vroeë ballingskap in Kenia getoon het, terwyl andere, soos Masilela, nog hoopvol was oor die nuwe onafhanklike lande.¹⁵ Aan die ander kant het Masemola die opkoms van ’n dubbele bewuswording in die latere geskrifte van Mphahlele bespeur nadat hy in die Verenigde State aangekom het, veral in die outobiografiese fiksie, *The Wanderers*.¹⁶

Die fenomeen van ontnugtering en verlange huis toe is iets wat ons dikwels van gehoor het toe dit informeel deur die meeste van ons voormalige ballinge, wat deel van die vryheidsbeweging was, vertel is.

¹³ Mangcu, X. (2012) *Biko: A Biography*. Cape Town: Tafelberg.

¹⁴ Masilela, N. (1996) The “Black Atlantic” and African Modernity in South Africa, *Research in African Literatures*, Volume 27, Number 4, pp. 88-96, p. 92

¹⁵ Ojwang, D. (2011). The World that Es'kia Mphahlele Made: An East African View. *English in Africa*, 38(2), 109-120. Soos op 1 September 2020, by <http://www.jstor.org/stable/23074954>

¹⁶ Masemola, K. (2012). Reverie qua worldliness in the wilderness texts: The autobiographical fiction of Es'kia Mphahlele and N. Chabani Manganyi. *Journal of African Cultural Studies*, 24(1), 55-72. Soos op 1 September 2020, by <http://www.jstor.org/stable/42005272>

As die Harlem Renaissance-beweging die kulturele en artistieke uitdrukking van die Afro-Amerikaanse-wêreld was, was die Nuwe Afrika-beweging, volgens Masilela, die kulturele uitdrukking van die nasionale vryheidstryd in Afrika.¹⁷ Mphahlele moet dus nie net vanuit 'n literêre hoek beskou word nie, maar deur die wye lens van die vryheidstryd, of deur verwoording van die omstandighede waaronder die onderdrukte gelewe het. Ons kry dit in *Down Second Avenue*, waarin Mphahlele vertel van die pyn van grondonteining, die trekarbeidstelsel, asook die uitbuiting van swart arbeid in die stedelike gebiede.¹⁸

Ek kan nie uitbrei oor die gekompliseerde betekenis om modernisties te wees teenoor kritiek van die konsep vanuit 'n Afrika-oogpunt nie, asook soos dit onlangs deur die dekolonisasie skool aangebied is. Ek hoop dat daar gedurende die verloop van hierdie sessie tyd sal wees om daardie kritiek te bespreek.

Terwyl ek na 'n samevatting beweeg, wil ek aandag gee aan hoe dr. Madlingozi ons kan help met, wat ek noem, die onderlinge afhanklikheid en gemeenskaplike invloede tussen intellektuele bewegings. Hierin vra ek myself af hoe ons vandag se onderwerp kan verstaan – om met *Es'kia Mphahlele "dekolonisasie" te dekoloniseer*.

¹⁷ Masilela, N. (1996) The "Black Atlantic" and African Modernity in South Africa, *Research in African Literatures*, 27(4), pp. 88-96

¹⁸ Mphahlele, E. (2013 [1959]) *Down Second Avenue*. London, Penguin Classics

Sou dit kan kom uit die ruimte waaruit die dekolonisasieskool sy oorsprong in die Suid-Afrikaanse akademiese kringe het en is dit derhalwe 'n "vreemde" denkrigting? Indien dit so is, wat sê ons dan oor internasionale solidariteit, en die feit dat mense altyd oor vastelande heen idees gedeel het? Praat ons nie hier van Mphahlele nie wat, soos ek probeer aantoon het, idees met Afro-Amerikaners gedeel het, die eerste Afrika-skrywerskonferensie in Parys gereël het, en aan die Makerere-konferensie deelgeneem het waar hy 'n blywende invloed op niemand minder nie as Ngũgĩ wa Thiong'o uitgeoefen het.

Aan die ander kant kan 'n mens verstaan waar die behoefte ontstaan het kom om "dekolonisasie" te dekoloniseer. Terloops, wat is hierdie "dekolonisasie" waarvan ons praat? Is dit dekolonisasie soos ons dit begin verstaan het: as Afrika, Asië en Suid-Amerika se bevryding van buitelandse beheer deur Europa? Is dit dekolonisasie soos dit deur Ngũgĩ gepostuleer is, wat grootliks verwys na die bevryding van ons denke en wetenskapsleer van Eurosentriese hegemonie? Of is dit dekolonisasie soos dit gepostuleer is deur die dekolonisasieskool, soos dit deesdae in die akademie aangevoer word? Is daar, om mee te begin, 'n verskil tussen hierdie drie begrippe?

Watter een van bogemelde vrae ons ook al gaan bevorder, kan ek dit deel hoe ons, as sosioloë, gestoei het met die afhanklikheidsteorie en dit uiteindelik gedurende die laat 1980's en vroeë 1990's in die Sosiologie-sillabus hier by UNISA ingesluit het – moeilik soos dit was omdat die apartheidsregering graag wou hê dat ons slegs funksionalistiese teorieë moes onderrig.

Die les wat ons nogtans kan leer uit hoe die afhanklikheidsteorie gehanteer is, is dat terwyl studente byvoorbeeld vir Andre Gunder Frank leer ken het, hulle daarvan ontnem was om Samir Amin, Walter Rodney, Issa Shivji en vele ander van die Afrika-vasteland te kon leer ken, asook hoe om hierdie kennis op hul eie omstandighede toe te pas; en ook hoe afhanklikheidsteorie deur Afrika gevorm is.

Diegene wat teologie bestudeer, sal met my saamstem dat dieselfde oor bevrydingsteologie en swart teologie gesê kan word. Baie teologiestudente sal van Gustavo Gutierrez, Leonardo Boff en Jon Sobrino weet as baanbrekers van bevrydingsteologie. Hulle sal ook weet van James Cone as 'n baanbreker van swartteologie. Nogtans sal party van ons studente nie weet van Itumeleng Mosala en ons eie Takatso Mofokeng, wat hier by UNISA onderrig gegee het nie.

Die les wat ek hoop ons uit hierdie paar voorbeelde kan neem, is dat intellektuele bewegings langs mekaar ontwikkel. Dit sal mekaar

beïnvloed en vorm. Net soos Maxeke dus vir Du Bois beïnvloed het, het laasgenoemde vir Plaatjie en ander beïnvloed. Soortgelyk het Mphahlele en Hughes mekaar beïnvloed.

Dit wil dus vir my lyk, en dalk sal dr. Madlingozi ons help om dit te verstaan, dat kennis daarvoor ontwikkel moet word dat die dekolonialeskool nie na ons kom asof ons “skoon leie” is nie, maar dat dit put uit die ryk tradisies van die swart radikale tradisie waartoe Afrika-skrywers en Suid-Afrikaanse skrywers bygedra het. Mphahlele was of is vir seker een van hulle.

Programdirekteur, met hierdie redelike lang inleiding nooi ek u almal om dr. Madlingozi te verwelkom en by hom te leer.

Baie welkom, dr. Madlingozi, en dankie dat u ingestem het om u wysheid met ons te deel.

Baie dankie.